

16 September

Skrifgedeelte: Lukas 1:5-38

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 18

Die maagdelike geboorte

Die twee hooffigure in ons Skrifgedeelte kan kwalik meer van mekaar verskil. Sagaria is 'n ou man, ervare, en 'n teoloog, terwyl Maria 'n jong vrou, onervare en 'n leek is. Sonder verdere kennis van wat in ons Skrifgedeelte gebeur sou ons, as ons iemand moes kies om God se wonders te belewe, sonder twyfel Sagaria aanwys. By hom verwag ons die rypste geloof.

Die teendeel word bewys. Sagaria se ongeloof word met tydelike stomheid gestraf (vers 20), terwyl Maria se "ek is tot beskikking van die Here" (vers 38) 'n tydlose geloofsantwoord word. Geloof ken dus geen stereotipes nie. Ook as dit oor geloof gaan moet ons nie na die uiterlike oordeel nie (Jak 2:1).

Die belydenis van Jesus Christus se maagdelike geboorte vra geloof. Dat God Homself so klein maak dat Hy as baba (volledig mens) in hierdie wêreld gebore word en dat Hy terselfdertyd steeds God is en bly is 'n onbeskryflike wonder. Die arms van ons verstand is te kort om dit te omvat. Net deur te glo kan jy hierdie waarheid besit.

Natuurlik het geloof ook sy vrae! Sagaria vra (vers 18): "Waarom sal ek dit weet?" In sy vraag sit twyfel OF die engelboodskap waar is. Dít is die vraag van ongeloof. Maria vra egter (vers 34): "Hoe is so iets moontlik?" In háár vraag sit gelowige verwondering, nie OF die engelboodskap waar is nie, maar HOE dit waar is. Dít is die vraag van geloof.

God belowe jou baie dinge vir hierdie dag. Moenie twyfel OF hulle waar is nie. Gryp eerder in die geloof sy beloftes vas en soek in verwondering HOE hulle in jou lewe bewaarheid is.

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~